

Preekvoorligting Sondag 12 Mei 2019

Skriflesing: Psalm 116

Teksverse: Psalm 116: 3 – 6

Tema: Ellende – 'n verdoemende werklikheid maar die onmisbare dryfveer

Met die vier van Nagmaal is daar gewoonlik drie eredienste wat in verband met mekaar staan – voorbereiding, nagmaal en nabetragting. Tydens voorbereiding gaan dit oor sonde en ellende, tydens die nagmaal self gaan dit oor verlossing, tydens nabetragting gaan dit oor dankbaarheid. Psalm 116 het ook hierdie driedeling: *Ellende* – verse 3 tot 6, *verlossing* – verse 7 tot 11 en *dankbaarheid* – verse 12 tot 19. Die ellende, verse 3 tot 6, nou van belang.

1. Ellende – 'n verdoemende werklikheid

“Bande van die dood het my omring, en die angste van die doderyk het my getref; ek het benoudheid en kommer gevind.” – wat sê die digter hier? Eerstens die betekenis van die woorde *“bande van die dood het my omring*. In die OT word “dood” en “sonde” nie geskei nie. Die “dood” vanweë sy verbintenis met die “sonde” hou dan in wese vir die mens in “om van God verlate te wees, sonder God te wees”. Vervolgens die woord “band” met die wortelbetekenis van “iets waarmee 'n strik gestel word”. “Band” hier dan gebruik in terme van “'n strik waarin die digter vas is” met die bedoeling van die “sonde”. Die volgende woord is “omring. Die woord beskryf die gevoel van “om in 'n noute te wees” bedoelende “om van alle kante druk te beleef”. Die digter openbaar: Ek is vas, die dood is vir my voor die deur in die sin dat ek geheel en al van God verwyder is. Die sonde is 'n strik waarin ek getrap het en wat net stywer en stywer om my lewe wikkel – ek het geen beweegruimte nie. Daarom sy woorde “angste van die doderyk het my getref; ek het benoudheid en kommer gevind”. Hy leef in benoudheid, soos 'n insek in 'n spinnerak van 'n spinnekop, hoe meer ek spook en spartel, hoe meer verstriek raak hy daarin.

2. Ellende - 'n onmisbare dryfveer

“Maar ek het die Naam van die Here aangeroop: Ag, Here, red my siel” – hier lê die antwoord vir die digter van Psalm 116. Sy besef van ellende dryf hom nie weg van God nie, maar bring hom deur die werking van die HG nader aan God. Hy vlug nie, maar roep God aan, kom in gebed tot die Here. Hy bid: *“Ag, Here, red my siel”*. Die woord “red” hier verstaan as 'n bede dat hy “verlos word van die dood, gered word van die strik van die sonde”. 'n Bede dat hy deur God se toedoen daarvan sal ontkom “dat sy siel verlore sal gaan in die vergetelheid van godverlatenheid”, dit is die ewige hel. En dan motiveer die digter dat hy dit kan bid: *“Die Here is genadig en regverdig, en onse God is 'n ontfermer”* en dan die laaste woorde in vers 6 *“ek het swak geword, maar Hy het my gehelp”*. Die digter getuig God is die een wat uitreik na die mens (onse God is 'n ontfermer) en hom, die digter, daarom nie in sy toestand van ellende laat soos verwoord in vers 3 nie. Die werklikheid is die Here het hom gehelp (gered) toe hy swak geword het, toe sy ellende hom so oorspoel het dat hy geen uitkoms meer gesien het nie. Die Ontfermer (die liefdevolle Vader) het hom gered van die bande van die dood wat hom omring het en dit vanweë Jesus Christus die Here.

3. Toepassing

Die toepassing vir ons hierin by voorbereiding, dat as ons in ons harte oortuig is van ons ellende, kom hierdie boodskap ook tot ons van “hardloop nie weg nie, maar kom na My toe”. Die Here openbaar dat Hy ons sal help, Hy sal ons red, Hy sal ons verlos van ons ellende. Hy sal dit uit ons lewens wegneem wat ons so gebind het dat ons gevoel het dat daar geen uitkoms vir ons is nie. Die oproep: Jy wat in ellende verkeer, kom na die Here se tafel en ervaar dat Hy jou hulp is.